



17 Januarie 2014

Omsendbrief 1/2014

Geagte Ouers/Voogde

Ek weet wat Ek vir julle beplan sê die Here, voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting.

## Welcome Back!



### 1. Verwelkoming

Graag verwelkom ons al die personeel en leerlinge terug na 'n heerlike vakansie. 'n Besondere verwelkoming aan ons nuwe leerlinge en ouers. Ons hoop julle gaan baie gelukkig wees by Lanternskool.

Ons is bevoorreg om nuwe personeel te verwelkom: Mn K Solomon (Hoërskool Engels), Me D van Rooyen (Hoërskool – Tegnologie), Me M Meyer (Hoërskool EBW, Rekeningkunde), Me L Stoltz (Remediërende Onderrig), Me E Bezuidenhout (Sielkundige). Ons vertrou hulle sal gou tuis voel en 'n groot bydrae by die skool lewer.

### 2. Graad 12 uitslae – 2013

Ons is dankbaar om te kan aankondig dat ons Graad 12- uitslae vir 2013 bereken is en 'n slaagsyfer van 91,66% behaal is. Baie geluk aan ons leerders met hulle uitslae. 'n Besondere woord van gelukwensing moet gaan aan ons hele personeel vir hulle harde werk, veral die toewyding van ons graad 12- vakonderwysers vir al ekstra tyd wat ingesit is. Ons wil ook die nuwe graad 12 groep vir 2014 sterkte toewens en glo hulle kan nog beter doen.

### 3. Belangrike datums Januarie – Februarie

20 Januarie	Grondslagfase (Gr 1-3) Inligtingsaand	18:00
21 Januarie	Hoërskool (Gr 7-11) Inligtingsaand	18:00
22 Januarie	Intermediërefase (Gr 4-6) Inligtingsaand	18:00
23 Januarie	Beheerliggaam Algemene Vergadering	18:00
24 Januarie	Gr 12 Ouer Inligtingsaand	18:00
29 Januarie	Akademiese- en Sporttoekennings (Gr 7-12)	
1 Februarie	Laerskool Atletiek en Spele dag	

### 4. Inligtingsaande

Ons versoek dat u as ouer 'n poging sal aanwend om die inligtingsaand vir u kind by te woon. U kan die onderwysers ontmoet en ingelig word oor wat van hom/haar verwag word. Dit gaan belangrik wees om 'n goeie verhouding op te bou en u kind te ondersteun.

### 5. Kleredrag

Leerlinge moet ten alle tye in die regte skooldrag geklee wees. Hare moet netjies en volgens die gedragskode van die skool gesny wees. Ons versoek dat ouers sal toesien dat leerders altyd reg sal wees as hulle skool toe kom en sodoende die skool verteenwoordig. Ons is trots op die skool en wil graag toesien dat die beeld wat ons uitdra positief sal wees. Seuns wat moet skeer moet elke dag netjies wees.

## **6. Laerskool Sportdag, 1 Februarie 2014**

Die laerskool hou 'n sportdag op Saterdag, 1 Februarie 2014. Ons nooi graag ons ouers en leerlinge van die laerskool uit na 'n pretdag met atletiek en boeresport. Ouers kan ook deelneem en ons glo dit gaan net soveel as verlede jaar geniet word.

## **7. Barnyard – 8 Maart 2014**

Die skool het weer 'n fondsinsameling met 'n Barnyard vertoning in Cresta Sentrum. Ons nooi al ons ouers en vriende uit om ons te kom ondersteun. Kaartjies kos R150,00 per persoon met tafels wat bespreek kan word. Kaartjies is beskikbaar by Me Rina la Grange (Kantoor).

## **8. Medikasie**

Ouers moet daarop let dat die skool medikasie gee vir ons leerlinge wat dit nodig het. Die skool benodig die voorskrifte en die medikasie wat duidelik gemerk moet wees. Dit moet by die suster ingehandig word. Vir enige navrae of probleme skakel asseblief vir Suster Lindiwe Ngozi by die skool (011 760 1096/7).

## **9. Besoek tye**

Ons deure staan oop vir ons ouers, maar ons versoek dat u asseblief voor die tyd afsprake maak indien u 'n personeellid wil sien. Die Hoof en Adjunkhoofde gee ook klas en is nie altyd beskikbaar nie. Afsprake kan deur die sekretaries gemaak word. Dankie dat u verstaan.

## **10. Handboeke**

Die handboeke van die skool is die eiendom van die skool. Ons vra dat ouers sal toesien dat die handboeke met plastiek oorgetrek word en altyd netjies sal lyk. Leerders moet dit oppas aangesien dit 'n groot uitgawe vir die skool is.

## **11. Nuwe Ouers/Leerders**

Alle nuwe ouers: As u kind in 2014 by Lanternskool begin het, maak asseblief seker dat die volgende dokumente by u kind se voogonderwyser ingehandig word:

- Geboortesertifikaat
- Oorplasingssertifikaat
- Desember 2013 skoolrapport
- Leerhindernis vorm

Dit is belangrike dokumente wat ons moet hê. As u dit reeds ingehandig het, ignoreer die versoek.

Ons sal vanaf 20 Januarie tot 1 Februarie evaluasies doen om oop plekke in die skool te vul. Psigoterapie sal dus op 10 Februarie amptelik begin. Ons sal egter intussen noodgevalle hanteer. Ons is beskikbaar vir telefoonoproope vanaf 12:00 daagliks, so dit is die beste tyd om te skakel as u 'n afspraak wil maak.

As u 'n versoek vir psigoterapie wil rig, stel dit asseblief op skrif, die sielkundige sal u dan kontak vir 'n onderhoud. Ons gaan weens die groot aanvraag, slegs korttermynterapie van ± 6 sessies aanbied, maar sal u indien nodig na 'n privaat sielkundige verwys.

Voorspoed vir die nuwe jaar.

## **Vriendelike Groete**

**T Groenewald  
Hoof**

**J Nourse  
Adjunkhoof**

**A Niehaus  
Adjunkhoof**



17 January 2014

## Circular 1/2014

Dear Parents/Guardians

I know the plans I have for you', says the Lord. 'Plans to prosper you and not to harm you, plans to give hope and a future.' Jer 29:11

### 1. Welcoming

We would like to welcome back all staff members and learners after a pleasant holiday. A special welcome is extended to our new pupils and parents. We hope you will be very happy at Lantern School.



We are privileged to welcome new staff members: Mr Solomon (High School - English); Ms D van Rooyen (High School - Technology); Ms M Meyer (High School – EBW, Accountancy); Ms L Stoltz (Learning Support Therapist) and Ms Elizabeth Bezuidenhout (Psychologist). We trust that you will soon feel at home and will be able to contribute greatly to the school.

### 2. Grade 12 results – 2013

We are pleased to announce that our Grade 12 group achieved a pass rate of 91,66% for 2013. Congratulations to our learners for these results. A special word of thanks must go to our entire staff for their hard work, with special mention of our Grade 12 subject teachers for the extra time they put in. We would also like to wish our Grade 12 group for 2014 all the best for this year, and believe that they can further improve the pass rate.

### 3. Important Dates

20 January 2014 – Foundation Phase (Gr 1-3) Information Evening – 18h00  
21 January 2014 – High School (Gr 7-11) Information Evening – 18h00  
22 January 2014 – Intermediate Phase (Gr 4-6) Information Evening – 18h00  
23 January 2014 – School Governing Body General Meeting – 18h00  
24 January 2014 – Gr 12 Parent Information Evening – 18h00  
29 January 2014 – Academic and Sports Awards Evening (Gr 7-11 - 2013)  
1 February 2014 – Primary School Athletics and Fun Day

### 4. Information Evenings

We request that you as parents will make every effort to attend your child's information evening. You can meet the teachers, and be informed of what is required of your child. It is important to build a good relationship and to support your child.

### 5. School Uniform

Learners must at all times be dressed in the correct school uniform. Hair must be neat and in accordance with the dress code of the school. Boys that need to shave, must be neat and tidy everyday. We request that parents ensure that learners are always appropriately dressed for school, and can therefore represent the school positively.

## **6. Primary School Athletics Day, 1 February**

The Primary School will have an Athletics day on Saturday, 1 February 2014. We cordially invite our parents and learners to a fun day with athletics and "boeresport". Parents may also participate and we trust it will be just as enjoyable as last year.

## **7. Barnyard, 8 March 2014**

The school will be hosting another fundraising event with a show at the Barnyard, Cresta Centre. We invite all parents and friends to support us. Tickets will be R150.00 per person at booked tables and are available from Ms Rina la Grange in the office.

## **8. Medication**

Parents should be aware of the fact that medication is administered to learners who need it at school. We need the prescriptions and medication must be clearly marked. It must be handed in to Sister Lindiwe Ngozi, who can be contacted at school (011 760 1096/7).

## **9. School Visits**

Our doors are always open to our parents. Please make appointments when you need to speak to any staff member. The principal and vice principals also teach and are therefore not always available. Appointments can be made via the secretaries. Thank you for understanding.

## **10. Text Books**

Text books are school property. Will parents please ensure that they are covered in plastic and always look neat. Learners must take good care of these books, as they are quite costly.

## **11. New Parents**

All new parents: If your child started at Lantern School this year, please make sure that the

- Birth certificate
- Transfer card
- Latest school report (December 2013)
- The learner barrier form

Are handed in to your child's register teacher. It is very important that we have these documents. If already handed in, please ignore the request.

We will be evaluating from 20 January to 7 February, to assist with further admission to the school. Psychotherapy will be starting on 10 February 2013 in earnest. We will handle urgent cases during the evaluation time.

We will only be available for phone calls from 12:00 every day, therefore if you need to make an appointment it is best to phone after 12:00.

Should you require psychotherapy for your child, please put your request in writing. The psychologist will then have an interview with you. We will only be doing short term therapy of ± 6 sessions, due to the great demand for therapy but will refer you to a private psychologist if necessary.

Yours Sincerely

**T Groenewald**

**Principal**

**J Nourse**

**Deputy Principal**

**A Niehaus**

**Deputy Principal**